Lesing 15.01.2018 - Die opstanding van die vlees

GROOT JOHANNES EVANGELIE BOEK 5: HGS 237

[9] EK sê: "Wat die opstanding van die liggaam en die Jongste Dag (Laaste Dag) beteken, het Ek al in Ceasarea Philippi en daar benede in die dorp meer as volledig duidelik gemaak. Kan jy My woorde dan nie onthou nie? Waarom moet Ek steeds een en dieselfde vir jou herhaal? Jy weet wel iets daarvan af, maar sonder samehang, en dit is as gevolg van jou nog baie sterk Judeërdom, waardeur jy ondanks My talryke verklarings, in jou ou, wonderlike fantasieë alles nog altyd letterlik opvat!

[10] Aanvaar die korrekte opvatting en word in die waaragtige suiwerste lig van My verstandig, dan sal jy nie meer sulke dinge vra wat jy al lank vóór elke ander moes verstaan het nie!

[11] Is die dag waarop `n kind ter wêreld kom, dan nie die Jongste/Laaste Dag nie? En is selfs nie elke dag wat jy deurgaan, `n Laaste Dag nie, maar jou geboortedag daarenteen, wat voorheen `n Laaste Dag vir jou was, nou jou oudste dag nie?

[12] Die vlees waaruit jou liggaam nou bestaan, sal ontbind, oorgaan in wurms en plante en die siele daarvan, en daar sal heeltemal vreemde wesens daaruit voortkom wat dan ewig niks meer te make sal hê met jou siel en met jou gees nie. Verstaan dit! Die Laaste Dag vir jou siel sal, na wat Ek jou nou uitgelê het, tog duidelik die dag wees waarop jy uit jou liggaam geneem sal word."

Die opstanding van die vlees

238 DIE MEESTER: "En onder die opstanding van die vlees moet jy die goeie werke van die ware naasteliefde verstaan! Dit sal die vlees van die siel wees wat saam met haar op die Laaste Dag in die geesteswêreld, na die ware basuingeroep van hierdie leer van My, as `n suiwer eteriese liggaam tot die ewige lewe sal opstaan. Al het jy honderd keer op die aarde `n liggaam gedra, aan die anderkant sal jy maar net één liggaam hê, en wel die liggaam wat Ek nou juis aan jou noem. Het jy dit nou verstaan?"

[2] Petrus sê: "Ja, Majesteit en Meester, dit is vir my nou duideliker as ooit! Maar ek kan my nog `n teks van `n profeet herinner wat ongeveer as volg lui: "In jou vlees sal jy eendag jou Elohim aanskou; hou dit daarom suiwer en verontreinig dit nie deur allerlei sonde nie! Met `n sondige liggaam sal jy Elohim se aangesig nooit aanskou nie!" So ongeveer lui die teks, en dit is vir die menslike verstand moeilik om iets anders daarin te sien. Hoe moet mens dit dan in die ware betekenis opvat?"

[3] EK sê: "Net soos die nou juis genoemde gesegde! "In jou vlees sal jy Elohim aanskou" beteken soveel as: In jou goeie werke, volgens die welbekende wil van Elohim, sal jy jou Elohim aanskou, omdat dit slegs die werke is wat die siel verrig met haar liggaam, wat aan haar alleen as werktuig gegee is; en dit slegs die werke is, wat die siel die adellike vir Elohim of ook die teendeel sal gee. Suiwer werke gee die suiwere, onsuiwere werke die onsuiwere. Die suiwere dink volgens die suiwer wetenskap, en `n kuise en suiwer gedrag alleen, sonder of met te min werke van naasteliefde, verskaf nog lank geen geestelike liggaam aan `n siel nie en derhalwe ook geen aanskouing van Elohim nie.

[4] Want iemand wie se siel nog so lank so blind is dat hy nie kan insien, dat nie net die suiwer kennis alleen nie, maar veral die werke volgens die suiwer kennis, en die suiwer geloof van die siel die ware lewensbestendigheid gee, is nog baie armoedig daaraan toe en lyk soos iemand wat baie goed weet hoe hy `n huis moet bou en ook die beste boumateriaal in oorvloed besit, maar wat nie kan besluit om aan te gaan met die werk nie. Sê My, sal so iemand ooit `n huis besit en homself, as daar storms opsteek en die winter kom, daarin kan verberg en hom beskerm teen die ontketende geweld van die wilde elemente?

[5] Wat het jy in die storm, aan die vaste oortuiging en wetenskap dat die goed geboude mure van `n huis bestand is teen die storms sodat diegene wat in die huis woon, volkome veilig is voor sy geweld, as jy geen huis besit nie en jy op jou weg deur `n nog baie onherbergsame woestyn van jou lewe ook nêrens meer `n huis van `n ander kan bereik nie?

[6] Nee, My geliefdes, die hoe ookal suiwer kennis en geloof het geen stewige mure wat julle tydens die storms sal beskerm nie; maar die werke van die ware naasteliefde is en sal dit wel. Dit is die ware blywende liggaam van die siel, haar woonhuis, haar grond en haar egte wêreld. Onthou dit goed, nie slegs terwille van jouself nie, maar veral terwille van hulle aan wie julle die evangelie na My sal predik! As hulle die woord van die verlossing eenmaal sal ken en glo, spoor hulle dan aan om die ware werke te verrig volgens die gebod van naasteliefde wat so dikwels deur My gebied is!

[7] Want waarlik, Ek sê vir julle: As iemand sê dat hy Elohim bo alles liefhet, maar daarby geen oog het vir die nood van sy arm broer nie, sal hy Elohim nooit in sy vlees aanskou nie! Want die Fariseërs en skrifgeleerdes sê ook dat hulle Elohim dien in die suiwerste hoeveelheid en betekenis, en dat hulle deur hulle gebede en offers die sondige mensdom voortdurend met Elohim versoen; maar in plaas daarvan trek hulle die volk heeltemal uit, en by hulle is daar nooit sprake van enige naasteliefde nie. Waarvoor het dit dan nog sin? Dit is nóg vir die Fariseërs, nóg vir die volk van enige nut!